

**Quo Vadis**

**No 4/1995**

**"Krag om te Getuig"**

## **Gebruik hierdie *Quo Vadis?* só.**

Die doel met hierdie uitgawe van *Quo Vadis?* is om lidmate te **versterk en te bemoedig** om **met vrymoedigheid** die Evangelie van Jesus Christus met ander mense te deel en aan ander mense te verkondig.

Die Here gee ons die opdrag om mekaar te versterk, veral wanneer ons in ons **kragte** te kort skiet (Gal. 6:2). Daarom kan dit goed wees om toe te sien dat lidmate **saam-saam** hierdie *Quo Vadis?* oordink.

### ***Die kerkraad kan oorweeg om die volgende te doen:***

- Aan die begin van die **kerkraads-vergadering**, dalk as deel van die opening, kan ouderlinge en diakens saam oor die inhoud van hierdie *Quo Vadis?* besin.
- Met huisbesoek kan die ouderlinge hierdie tema gebruik om lidmate **binne gesinsverband** toe te rus.
- By geleenthede **waar lidmate saamkom** (bv. Bybelstudiegroepe, kleingroepe, wyksbyeenkomste, sustersvergaderings) kan die inhoud van hierdie *Quo Vadis?* *Bespreek word.*
- By jeugbyeenkomste kan hierdie *Quo Vadis?* interessante bespreking vir een of twee byeenkomste bied.
- 'n Katkisasieles vir die groter kinders kan vir hierdie onderwerp afgesonder word.

## Hoe kon die kerk so indrukwekkend uitbrei?

- ◆ Dit het gebeur deur Christene wat **GETUIG** het.
- ◆ Dit het gebeur deur Christene wat die **KRAG** ontvang het.

### **LET WEL!**

Die gelowiges deur al die eeue heen het die **krag om te getuig** ontvang.

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees...

Hand. 1:8

Hiérdie belofte dat die Here aan die gelowiges **krag** gee, was nie net vir die eerste gelowiges bedoel nie, maar ook vir ons - anders sou daar nie deur al die eeue heen soveel gelowiges by die kerk gevoeg gewees het nie.

### **Wat is jou bydrae...?**

Hoeveel van die ongeveer 900 000 000 Christene is by die kerk gevoeg deur die feit dat die Here **jou** getuienis gebruik het?

Is jou bydrae dalk so klein (of dalk 'n nul?) omdat jy nie die **krag om te getuig** gehad het toe jy moes nie?

### **Moenie te gou moedeloos word nie!**

Dalk sê jy te gou:


Ag, ek sal tog nooit werklik vir die Here kan getuig nie!

### **Maar vrymoedigheid om te getuig kom nie vanself nie!**

Die eerste Christene het ook nie vanself vrymoedigheid gehad nie. hulle moes daarvoor bid.

“En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. Hand. 4:29

# Kyk hoe dramaties het die kerk uitgebrei!



## **Om krag te hê om te getuig moet jy weet...**

### **...WAAROM ek dit moet doen?**

- ◆ Onthou Jesus se bekende opdrag aan ons

Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels... Mat. 28:19

- ◆ Elkeen wat in Jesus Christus glo, moet hierdie opdrag ernstig opneem.

Ek verkondig die evangelie omdat ek móét! En wee my as ek dit nie doen nie! 1 Kor. 9:16

- ◆ Ons moet beseftig dat ons nie mag stilbly nie

'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense! Hand. 5:29

- ◆ Alle gelowiges moet elke geleentheid gebruik om die Woord van God te verkondig.

Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig. Hand.

*'n Besluit om te neem....*

As gelowige in Christus wil ek vir Hom getuig. As ander gelowiges dit kan doen, kan ek ook. Ek wil verder toegerus word met krag om te getuig.

## Om krag te hê om te getuig moet jy weet...

## ...WAT ek moet doen?

Wat beteken dit om te getuig?

**'n Getuie gee die feite van dit wat werklik gebeur het...**

**FEIT:** "God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die ewige lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie." 1 Joh 5:11,12

**FEIT:** God se daade is oneindig groot. Wat God gedoen het, word in die Ou en Nuwe Testament beskryf. Dink net aan God se kragtige daade en dink net aan al die wonders wat Hy in die lewens van sy kinders laat gebeur het (Hand. 2:11). Dit is feite. Hiervan kan jy getuig.

**FEIT:** Jesus het op aarde gekom, Hy het gepreek, wonders gedoen en uiteindelik vir ons op Golgota gesterf. Hy het uit die dood opgestaan, na die hemel opgevaar en sit nou aan die regterhand van God. Hierdie feite is in die Bybel opgeteken. Hiervan kan jy getuig (1 Joh. 1:1).

**FEIT:** God werk vandag nog. Hy is gister en vandag dieselfde (Heb. 13:8). Jesus Christus het belowe dat Hy die Heilige Gees stuur om vir ewig by ons te bly (Joh. 14:16). Op Pinksterdag het die Heilige Gees gekom en Hy is nou by ons. Dit is 'n feit. Hiervan kan jy getuig.

**FEIT:** Die Here het in jou eie lewe al baie dinge gedoen:

- ◆ Jy glo in die Bybel (Rom. 10:17) en jy glo in God (Rom. 8:15-16). Jou geloof is 'n werklikheid. Dit is 'n feit waarvan jy kan getuig!
- ◆ Jy kan sekerlik situasies en gebeurtenisse noem waar jy duidelik kon ervaar hoe die Here jou help en hoe Hy jou krag gegee het. Dit is feite. Daarvan kan jy getuig!

## Kyk na jou eie lewe...

- ◆ Sê in drie of vier volsinne wat jou geloof vir jou beteken.
- ◆ Probeer drie situasies onthou waar die Here jou al gehelp het.
- ◆ Probeer drie voorbeelde gee waar jy besondere krag van die Here ontvang het.

*'n Besluit om te neem....*

- Die Here het al so baie dinge vir my in Sy Woord gesê en in my lewe gedoen. Ek is seker van Sy krag in my lewe.
- Ek het mos al die Here se krag ontvang. Hy sal my nou ook die krag gee om vir Hom te getuig.

## Om krag te hê om te getuig moet jy weet...

### ...WAAR kry ek krag?

Kom ons kyk na elkeen van hierdie kragbronne:

God gee krag  
God gee krag deur sy Woord  
God gee krag deur gebed  
God gee krag deur medegelowiges

Die Here gee krag aan sy kinders

Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind... keer op keer ontvang hulle nuwe krag. Ps 84:6,8

Vir die gelowige is daar soveel krag tot sy beskikking as wat God geopenbaar het toe Hy Jesus uit die dood laat opstaan het.

Ons moet weet hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het. Ef 1:19-20

Die sonde en swakheid mag nie die laaste sê in ons lewens hê nie. Daarom maak die Here ons tot oorwinnaars.

Ons is nou meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.. Rom 8:37

*'n Besluit om te neem....*

Ek glo en weet dat die Here aan my krag gee.

### God gee krag deur sy Woord!

Die spreekwoord is: Kennis is mag. God versterk jou deur jou met kennis van die Woord van God toe te rus.

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde ... sodat die man wat in diens van God staan volkome voorberei en toegerus sal wees. 2 Tim. 3:15-17

*'n Besluit om te neem....*

'n Gelowige wat ongereeld die Bybel lees, is "onfiks":

- Lees ek die Bybel gereeld genoeg?
- Leer ek elke keer iets uit die Bybel as ek lees?
- Ek gaan my met nuwe ywer in die kennis van die Bybel ingrawe.

## God gee krag deur gebed!

Jesus sê herhaaldelik (o.a. Mat. 7:7-12; Luk. 11:5-13): *"Bid en vir julle sal gegee word!"*

Jy moet bid en vas glo dat die Here vir jou sal gee waarvoor jy bid. As jy bid vir krag, sal die Here vir jou die krag gee wat jy nodig het.

*'n Besluit om te  
neem....*

- Wanneer laas het ek gebed vir die geloof dat ek nie sal twyfel dat God sal gee waarvoor ek vra nie?
- Wanneer laas het ek gebed vir krag om vir die Here te getuig?
- Ek gaan met nuwe ywer my toelê op 'n gelowige gebedslewe.

## God gee krag deur medelowiges!

In sy wysheid weet die Here dat dit vir 'n gelowige baie moeilik is om alleen te wees wanneer jy in diens van die Here werk. Daarom gee hy medelowiges saam met ons.

Die eerste Christen-gelowiges het hierdie onderlinge band so sterk beleef dat hulle elke dag bymekaar gekom het.

Ons kan nouliks elke dag saamkom. Tog moet ons geleenthede opsoek om saam met gelowiges te wees. Maar dan moet ons sinvolle gesprekke met mekaar voer. Praat ons nie dikwels oor algemene sake en kom nie by mekaar se harte uit nie?

Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom. Hand 2:46

Laat ons na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly nie. Heb 10:24,25

*'n Besluit om te  
neem....*

- In die gemeente is daar verskillende geleenthede om saam met medelowiges te wees. Waar en hoe is jy betrokke?
- Vir kinders en jongmense: Katkisasie, jeugbyeenkomste.
  - Vir alle lidmate: Eredienste, Bybelstudie- en gebedsgroepe, kleingroepe, gemeentefunksies.
  - Neem jou voor om met ander gelowiges die probleem te bespreek dat ons kragte te kort skiet om te getuig.
  - Kry raad by medelowiges hoe hulle krag kry om te getuig.



*Ek verloor krag ....*

# *K r i s i s !*

Wanneer jy met 'n motor ry en dit verloor krag, weet jy: Dit is 'n krisis!! Die enjin is nog dieselfde, die kragbron is nog daar, maar dit verloor krag!!

## ***Hoe lyk jy as gelowige?***

Jy weet jy is 'n kind van God - maar jou krag om te getuig is net nie daar nie!!

### ***Dit is ook 'n krisis!!***

Jy weet dat jy die belangrikste feite ken waarvan jy kan getuig - maar jy het net nie die vrymoedigheid om te getuig nie.

### ***Dit is 'n krisis!!***

## ***Diagnoseer en maak reg***

Wat doen jy met jou motor wat krag verloor? Jy neem dit na 'n werktuigkundige om te bepaal, te diagnoseer, wat die probleem is sodat dit reggestel kan word.

Kom ons doen nou 'n diagnose van moontlike probleme waarom jy krag verloor of dalk nog nooit die krag kon gebruik om te getuig nie. En kom ons kyk hoe 'n mens dit kan begin regstel...

## ***Verkeerde dade laat my krag verloor***

### ***Volhard jy in 'n sonde?***

'n Sonde waarin 'n mens volhard, ontnem jou die vrymoedigheid om te getuig. Jy sê vir jouself: "Wie is ek om vir ander mense iets te sê terwyl ek self so aanhou sonde doen."

Jy moet God bid om jou die krag te gee om daardie sonde te los. Dan moet jy jou daadwerklik daarop toelê om jou sondes te bely, te glo dat dit in die bloed van Jesus Christus vergewe is en in die toekoms teen die sondes te stry. Dan volg jy die pad van bekering. Dan kan jy met vrymoedigheid van God se genade getuig.

Maar jy moet ook weet dat alle mense vol sondes is (Rom 3:10-12). Jy getuig nie vir ander omdat jy meen dat jy sonder sondes is nie. As medesondaar is jy soos 'n bedelaar wat vir die ander bedelaars kom vertel waar kos te kry is.

### ***Selfgesentreerd***

Dalk staan jy self te veel in die middelpunt van jou lewe. Jy doen dalk net dinge wat jou pas. Jy is nie lus om iets vir God en vir jou naaste te offer nie.

Jy het baie genade nodig. Want die vrug van die Gees (Gal 5:22) is juis dinge wat jy doen waar jou eie belange op die agtergrond is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Werklike volwassenheid (Ef. 4:13-16) hou in dat jy nie meer soos 'n kind is wat alles net vir jouself wil inpalm nie, maar bereid is om met ander te deel en vir ander van jouself te gee. Probeer om jou kragte en tyd ook met ander te deel. Dan word dit makliker om ook jou gedagtes met hulle te deel.

### ***Te min tyd***

Dalk staan jy nie genoeg kwaliteit tyd af vir jou stiltetyd met God nie. Jy doen dit dalk nog, maar jou hart word nie deur jou eie godsdiensbeoefening geraak nie. Jy voel nie elke dag naby genoeg aan God nie.

Hieraan kan jy prakties iets doen. Maak tyd. As iets vir jou belangrik is, maak jy tyd daarvoor. Drink gereeld uit die fontein van God se Woord, dan sal die water uit jou mond kan uitstroom in 'n getuigenis vir ander mense.

## **Verkeerde idees laat my krag verloor**

### **Net vir spesialiste**

Dalk meen jy dat God nie van alle gelowiges verwag om vir Hom te getuig nie. Jy sê dalk: Predikante, ander ampsdraers en ander mense wat daartoe geroepe voel, moet dit doen. Vir my is dit opsioneel. Dus meen jy nie dat jy werklik die krag nodig het nie.

Maar: Jesus sê dat alle gelowiges die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld is (Mat. 5:13-16). Sy opdrag om vir Hom dissipels te maak, geld vir *alle* gelowiges (Mat. 28:18-20). Die ampsdraers se opdrag is nie om al die werk alleen te doen nie, maar om die gelowiges vir *hulle dienswerk* toe te rus (Ef. 4:11,12).

### **Net vir begenadigdes**

Dalk meen jy dat jy 'n bepaalde genadegawe moet ontvang voor jy werklik doeltreffend kan getuig. Jy meen dus dat jy net nie daarvoor bekwaam is nie. Jy sal dit net nie kan doen nie.

Dit is wel waar dat sekere mense makliker praat as ander en dus 'n besondere gawe het om gemaklik te kan getuig. Petrus was waarskynlik 'n goeie spreker. Maar dit het nie beteken dat die ander gelowiges glad nie kon getuig het nie.

### **Net vir bekwames**

Jy sê dalk van jouself: "Ek is net nie bekwaam genoeg om vir God te getuig nie." Onthou dan: Die Here gee saam met die opdrag ook die basiese bekwaamheid. En dan moet jy oefen om dit te kan doen (1 Tim. 4:7-8). Jy moet beseft dat dit inspanning verg (1 Tim. 4:10). Wil ons werklik net doen wat vir ons gemaklik is?

Jy kan seker wees, as jy die dammetjie van jou geloof laat vol word met jou geloofskennis van God en sy Woord, hierdie dammetjie sal begin oorloop. En dan getuig jy sommer vanself.

*'n Besluit om te  
neem....*

- Wat is my diagnose?
- Doen 'n gebed waarin jy God vra om jou te help om reg te maak ...